



Gesondheidsbeleid

1. Kliniek-kaart en immunisering

- Met aansoek, moet 'n afskrif van kliniek kaart gestuur word aan skool. Soos wat u kind se kliniek kaart aangepas word deur die kliniek moet 'n opgedateerde afskrif gestuur word aan die skool.
- Indien 'n ouer of voog vrystelling van immunisering as gevolg van godsdienstige oortuigings wil vereis, moet 'n skriftelike verklaring geteken word deur die kind se ouer of voog wat die rede vir so 'n vrystelling verklaar en ook verklaar dat die kind in goeie gesondheid is.
- Wanneer 'n kind vryskelding van immunisering ontvang sal ander ouers in kennis gestel word, maar alle name en besonderhede word vertroulik gehou.

2. Ongelukke

- Opgedateerde noodhulp benodighede word in elke klaskamer en in die siekeboeggehou.
- Alle ongelukke, wat nie 'n noodgeval is nie, sal op 'n ongeluksverslag gedokumenteer word. Die ongeluksverslag word aan ouers gegee vir hul kennisname. Ouers teken die verslag as erkenning van die insident. 'n Kopie word in die kind se lêer gehou.
- COVID regulasies stipuleer dat 'n foto geneem word van die vorm en aan ouer gestuur word. 'n foto van die vorm geneem en aan ouer gestuur. Ouer erken ontvangs met boodskap terug aan juffrou.

3. Allergieë

- As u kind allergieë het, bespreek dit asseblief volledig en in diepte met die onderwyser en skoolhoof. Maak asb. seker dat elke keer wanneer kind oorskuif na nuwe klas, die allergieë deur ouers aan die juffrou gekommunikeer word.
- Die personeel van die sentrum sal toepaslike voorsorgmaatreëls tref.
- As u kind 'n allergie ontwikkel, laat weet asseblief dadelik die juffrou en skoolhoof.

4. Neut vrye sone

As gevolg van 'n toename in kinders met neut allergieë, is Junior Akademie 'n neut vrye sone.

5. Daaglikse gesondheid kontrole

Vir die veiligheid en beskerming van ons sentrum se kinders, asook personeel, word die volgende daaglik gekontroleer:

- Loop neusie – Sodra die loop neusie nie meer deurskynend is nie, mag 'n kleuter nie skool toe kom nie. Treë asb. voorkomend op as jy weet jou kleinding is geneig tot sinus.
- Loop neusie-sodra u kind 'n **nuwe** loop neusie ontwikkel saam met ander simptome (koors, hoes, prikkelbaarheid, moegheid) is daar 'n goeie kans dat dit die begin van 'n nuwe verkoue is. Kommunikeer asb. met juffrou en oorweeg sterk om u kind eerder tuis te hou totdat sy/hy beter voel.
- Lang staande of verergerende hoes
- Asemhalingsprobleme – fluit bors, stywe bors, vinniger asemhaling
- Oog infeksie (trane, rooiheid van ooglid voering, irritasie, swelling, ontslag, ens.)
- Besmette vel, kolle of 'n uitslag, vergesel van 'n koors
- Koorsige voorkoms
- Ongewone gedrag - huil meer as gewoonlik, lusteloosheid, voel oor die algemeen ongesteld



6. Hantering van mediese ongesteldheid tydens skoolure

- Daar word van ouers verwag om (binne een uur) hul kinders by die sentrum te kom haal wanneer enige van die bogenoemde bekommernisse bestaan.
- Ouers word gekontak om hul kind te kom haal. Indien die ouer nie bereik kan word nie, sal die nood kontak, soos aangedui op u aansoek, gekontak word. Maak asb. seker dat u hierdie inligting op datum hou by die kantoor.
- JA se doel is om kindersorg vir kinders te voorsien. Om siek kinders in die sentrum te hê, bied die moontlikheid dat ander kinders benadeel kan word.
- Ons weet nie altyd wat ander se omstandighede by die huis is nie. Daar is dalk 'n ouer of grootouer wat saam in dieselfde huis woon, wat dalk baie siek is of kwesbaar is. Ons kan nie siek kinders by die skool toelaat nie, want ons wil nie graag dat daardie maatjie dalk aansteek en 'n kiem huis toe neem nie.
- Alhoewel JA begrip het dat ouers by die werk teenwoordig moet wees, moet ons die beleid afdwing om alle kinders en personeel te beskerm teen onnodige blootstelling aan oordraagbare siektes.
- Daar mag verwag word van ouers om hul kind uit die sentrum te onttrek indien hul herhaaldelik versuim om die beleid te volg wat verband hou met die behoud van kinders by die huis wanneer hulle siek is..



7. Wanneer moet 'n kind tuis bly?

- Koors – Temperatuur van 37.6 grade en hoër. Indien jou kind deur die nag koors gehad het, moet hulle asb. die dag by die huis bly. Hulle moet eers vir 24uur koorsvry sonder medikasie wees, voordat hulle kan terugkeer skool toe.
- Loop neus – As jou kind se neusie loop en dit is deurskynend, is dit moontlik die begin van 'n virale infeksie (of 'n verkoue /griep) Maak asb. seker by jou dokter oor die oorsaak voordat jy jou kind skool toe stuur. Dokter se bevinding moet aan die skoolhoof gekommunikeer

- word alvorens die kind kan terugkeer skool toe.
- Braking – Indien jou kind in die afgelope 24 uur gebrak het.
- Diarree – Loop magie (meer as normaal) in die afgelope 24 uur.
- Uitslag – veluitslag wat gepaardgaan met jeuk of koors.
- Kopluise – Kopvel wat jeuk, of aktiewe kopluise.
- Oog infeksie – Rooiheid, jeukerig, afskeiding. Oog infeksies is hoogs aansteeklik. Maak asb. seker by jou dokter voor jou kind terugkom skool toe.
- Ongewone geïrriteerdheid – jy ken jou kind en as hulle ongewoon moeilik of lusteloos is, is daar iets wat broei. Hou asb. jou kind by die huis.

8. Infeksie beheer en persoonlike higiëne

- Kinders word aangemoedig om gewoontes van persoonlike higiëne te ontwikkel, met inbegrip van hande was.
- Eet van 'n verskeidenheid voedsame kosse word ook aangemoedig.
- Benewens die instruksie van kinders in hierdie gewoontes, modelleer onderwysers die gedrag.

9. Aansteeklike siektes

- Wanneer 'n oordraagbare siekte in die sentrum geïdentifiseer word, sal ouers in kennis gestel word. Die sentrum sal ook hierdie gebeure aan die Staats- en plaaslike gesondheidsdepartement rapporteer indien nodig.
- Ouers word aangemoedig om die sentrum in kennis te stel indien hul kind aan 'n oordraagbare siekte buite die sentrum blootgestel is.
- Die bestuur van die sentrum kan bepaal dat 'n kind wat nie heeltemal genees is nie, nie na die sentrum mag terugkeer sonder 'n verklaring van 'n dokter wat verklaar dat die kind kan terugkeer en aan die aktiwiteite van die sentrum mag deelneem of nie langer aansteeklik is nie.
- Indien jy as ouer 'n hoë risiko blootstelling aan COVID 19 gehad het, soos aangehegde tabel (Covid-19) moet jy die skool in kennis stel en jou kind by die huis hou vir die verlangde isolasie tydperk van 10 dae.
- Indien lede van die gesin blootgestel is aan 'n maagvirus, moet daar spesiale voorsorg getref word dat die kinders nie ook aansteek nie. Indien een sibbe die maagvirus het, hou asb. die ander sibbe ook tuis, want die kans is baie goed dat hulle ook gaan aansteek.
- JA behou die reg voor om versorging weens siekte te weier, in die geval van impetigo, luise, ringwurm, speld wurms, uitslag, waterpokkies, sproei, ens. U kind moet NIE MEER AANSTEEKLIK wees wanneer hy/sy terugkeer sentrum toe nie. 'n Bevestigingsbrief vanaf u dokter word vereis met terugkeer.

10. Pandemie

In die geval van 'n pandemie in ons omgewing, kan ons sentrum vir 'n onbepaalde tyd gesluit word om verspreiding van die siekte te beperk. Ons sal enige vereistes wat deur die Departement van Openbare Gesondheid uitgereik is, volg.

11. Mediese en ander noodgevälle

- Wanneer 'n mediese noodgeval ontstaan, sal alle pogings aangewend

word om ouers, voogde of 'n nood kontak te kontak.

- In die geval dat ouers of nood kontakte nie bereik kan word nie, sal die skoolhoof en / of nasorg hoof die volgende stappe neem:
 1. JA skakel dr. Jan Groeneveld se spreekkamers vir advies.
 2. Wanneer dit nodig is om 'n ambulans te bel word ER 24 ambulans dienste gekontak.
 3. 'n Verteenwoordiger van die sentrum sal u kind vergesel en by hom / haar bly totdat ouers arriveer.
 4. Die nood inligtingsvorm, ingevul ten tye van inskrywing, dien as toestemming vir u kind om per nood sorg per ambulans na 'n plaaslike mediese fasiliteit vervoer te word.
 5. JA aanvaar geen verantwoordelikheid vir die koste verbonde aan nood sorg nie.
 6. Alle sentrum personeel ontvang opleiding in noodhulp en brand prosedures.
 7. Nood ontruiming word gereeld geoefen.

12. Medikasie

- Indien jou kind op antibiotika is, moet hulle tuis bly.
- Medikasie sal slegs aan kind gegee word met toestemming van die hoof.
- Ouers moet die medikasie aan die onderwyser oorhandig en in die medikasie boek aanteken hoe dit toegedien moet word, en daarby teken.
- Geen medikasie mag in 'n kind se sak skool toe gestuur word nie.
- Medikasie sal in die siekeboek gestoor word en daar aan die kind gegee word volgens ouer se voorskrifte.
- Indien jou kind 'n koors ontwikkel by die skool, sal ons 'n setpil toedien indien nodig, met u toestemming totdat jy jou kind kan kom haal.
- Alle medikasie word daaglik huis toe gestuur.